## OORWINNINGSLIED*

Komt, Burgers, komt en hoort,
Van wijk Renosterpoort,
Wij moete nu al weer,
Gaan voor de kogels staan,
De kogels zal daar fluit.

Impefu moet daar uit,
Die Berg waar Impefu woon,
Is vrugbaar en so skoon;
Hy was een grote Baas
En het soveel geraas.

Maar nou't oom Piet gekom,
Impefu staan verstom:
Daar waar die water vloei,
Daar moet ons koring groei;
Daar in die land so skoon,
Daar moet ons kinders woon.

Oom Jan du Preez, ons veldkornet,
Trek met sy Burgers mee;
Oom Danie, onse kommandant,
Hy lei ons hand aan hand.

Oom Loffie, ons assistent,
Hy was skaar sestien jaar,
Toe moes hy die wapen draag;
Hy was nog jonk en swak,
Skaars kon hy Boertwak vraag,
Moes hy sy wapen draag.

* Hierdie oorwinningslied is deur ene mev. G. M. A. Pretorius aan prof. G. S. Nienaber gestuur. Die strekking van dié liedjie dui baie duidelik daarop dat dit sy ontstaan gedurende die veldtog teen Mphephu in 1898 moes gehad het. Die *oom Piet* na wie daar verwys word, is waarskynlik genl. P. J. Joubert, op daardie stadium kommandant-generaal van die Suid-Afrikaanse Republiek, en onder wie se bevel hierdie veldtog gestaan het. (Red.)